

onder die regte klimaatstoestand te verbou en die regte parspraktyke toe te pas. “Gaan kyk na die temperatuur en rypheidsgraad. Verminder die reduktiewe wynbereiding.”

Die toevoeging van organiese produkte, soos groenteproteïene en gelatien, kan ook verpienking voorkom.

Nadat hy omtrent 30 verskillende chemikalieë getoets het wat gewoonlik vir toevoegings in die wynmaakbedryf verkoop word, het hy bevind die byvoeging van askorbien-suur vroeg in die proses lewer die beste resultate om verpienking te voorkom.

Die probleem met askorbien-suur is egter dat dit waterstofperoksied vorm, wat die vermoë het om ander verbindinge te oksideer.

“Dan het jy weer swael nodig om die waterstofperoksied uit die verbinding te haal. Dit kan wel voorkom word deur te sorg dat die vrye swael 45 mg per liter is.”

– CANDICE JANTJIES

hang en is gewilde opsies vir versiering, die bou van skaalmodelle en vir kinderspeletjies.

Die Skaars Boom van die Jaar vir 2022 is die huilboom (*Peltophorum africanum*), só genoem oor die vorm wat die boom aanneem wanneer water van die boom se blare afdrup. Dit lok spoegbesies wat aan die blare hang.

• Volgens Birdlife SA word die bekende geelkop-seevoël, die Kaapse witmalgas, vanjaar as Voël van die Jaar gever. – NICOLA SPINGIES

RENOSTERVELD KRY 'N 'PANIEKKNOPPIE'

DIE skaars en bedreigde Overberg-renosterveld het nou 'n “panieknoppie” om hulp in te roep indien enige veranderinge aan grondbedekking waargeneem word.

Die Global Overberg Renosterveld Watch-toepassing kan veranderinge aan grondbedekking in die veldsoort monitor om die agteruitgang van renosterveld te stuit. (Gaan na glennwithtwons.users.earthengine.app/view/global-renosterveld-watch.)

Dr. Glenn Moncrieff, 'n datawetenskaplike by die Suid-Afrikaanse aardwaarnemingsnetwerk (SAEON) se fynbosnode, en die Amerikaanse wiskundige mnr. Marcel Gietzmann-Sanders het die toepassing ontwikkel deur 'n kombinasie van satellietbeelde en masjienleer te gebruik.

Satellietdata word gebruik om enige verandering aan grondbedekking op te spoor. Die toepassing ontleed elke vyf dae 'n nuwe beeld sodra dit beskikbaar word. Dit is gegrond op die Global Forest Watch-toepassing wat ontbossing in tropiese reënwoude dokumenteer.

Volgens Moncrieff was renosterveld van 1990 tot 2018 die Suid-Afrikaanse habitat wat die vinnigste verdwyn het. Dit is bedreig en net sowat 5% van die oppervlakte wat dit oorspronklik beslaan het, is nog oor. Sonder ingryping verwag wetenskaplikes dat renosterveld nog hierdie eeu sal verdwyn.

Renosterveld word grootliks bedreig deur omskake-

ling na landbou, aangesien dit op grond groei wat ook vir akkerbou geskik is.

Onlangse navorsing met satellietbeelde toon 478 ha renosterveld het van 2016 tot 2020 verlore gegaan weens onwettige ploegverwante aktiwiteite. Dit beslaan byna 1% van die oorlewende Overberg-renosterveld.

Die toepassing kan verliese aan renosterveld én gebeurte wat die verlies voorafgaan, akkuraat opspoor, sê Moncrieff.

“Ons kan byvoorbeeld sien waar 'n bossiekapper gebruik is voordat die veld geploeg is. Ons kan dus verlies aan grondbedekking sien voordat die ploeg ingebring word.”

BOERE HELP MET BEWARING

Meer as 4 000 ha renosterveld en 2 500 ha ander plantegroei reg oor die Overberg word reeds bewaar deur samewerking met grondeienaars, onder wie die meeste boere is.

Die Overberg Renosterveld-bewaringstrust (ORCT) onderteken bewaringserwite met boere om sodoende renosterveld vir altyd deur titelaktebeperkings te beskerm.

Altesaam 18 grondeienaars het reeds die ooreenkomste gesluit, met nog wat dit eersdaags sal onderteken.

Dr. Odette Curtis-Scott, direkteur van die ORCT, sê bewaringserwite is 'n relatief nuwe model in Suid-Afrika. In wese word 'n bewaringserwite oor 'n eiendom geregistreer ten gunste van 'n organisasie sonder winsoog-



Een van die grootste bedreigings vir renosterveld in die Overberg is die skoonmaak en omploeg van ongerepte stukke veld. FOTO: ORCT

Daar word beoog om met die Wes-Kaapse provinsiale owerheid saam te werk sodat betyds gereageer kan word.

“Ons is by die punt waar renosterveld nie meer stil-stil kan verdwyn en die veldsoort nader aan 'n stille uitsterwing gedryf word nie. Renosterveld kry nou 'n panieknoppie om hulp te ontbied.”

– AMELIA GENIS

merk, in hierdie geval die ORCT. Die serwite is van toepassing op huidige en toekomstige grondeienaars.

“Deur die ooreenkoms te onderteken, help grondeienaars ons om saam met hulle in belang van die natuur te werk. Ons help boere onder meer om indringerplante uit te roei, ekologiese brande te onderneem en die veld te monitor om te sien watter spesiale plante en diere daar voorkom.”

Die 6 500 ha wat tans bewaar word, is reg oor die Overberg versprei.

Curtis-Scott sê dit is belangrik om soveel stukkes renosterveld moontlik aan mekaar te verbind en só “die stukkes van die legkaart oor die landskap” bymekaar te bring. – AMELIA GENIS